

Skriflesing: Jesaja 45:9-16

Heidelbergse Kategismus- **Sondag 9**

Teks: **Jesaja 45:11-12**

Sing- SAMESANG- Ps.136:1,6

TYDENS EREDIENS-Ps.147:2; Ps.8:3,4 Sb.34:3

Ons moet dit goed raaksien, broeder en suster, dat dit in Sondag 9 nie maar net gaan oor die feit dat God die Skepper van hemel en aarde is nie. Dit gaan eintlik hoegenaamd nie oor die skeppingswerk van God en hoe Hy alles gemaak het nie. Dit is asof ons belydenis in die Kategismus 'n nog groter feit, ja 'n nog groter troos aan God die Skepper verbind. Hierdie almagtige God wat Skepper van hemel en aarde is, weet jy hierdie selfde God is ons Vader. Hy is my Vader, Hy is ons Vader. Hy wat so sterk is, Hy wat alles uit niks uit gemaak het, Hy het Homself ook my Vader gemaak. MAAR hier kom 'n baie belangrike gedeelte by- dit begin met drie klein woordjies...*ter wille van*...Dit is geweldig wat hier staan. As dit nie vir Jesus Christus was nie, dan was God nie my Vader nie. God gee 'n rede waarom Hy vir ons nog 'n Vader wil wees. Die rede is enkel en alleen omdat Hy Vader vir sy eie Seun is.

As dit nie daarvoor was nie, dan was Hy nie vir ons 'n Vader gewees nie. Deur Jesus Christus, onse Here, het Hy geskep. Die skepping staan hoegenaamd nie los van Christus nie. Die skepping waarvan ons in Sondag 9 praat is 'n verlore skepping, is nie maar net skepping nie, en dit is 'n geheiligde skepping, 'n skepping deur die Heilige Gees in Christus geheilig.

So as ek saam met die belydenis in die Twaalf Artikels die grootste voorreg mag uitspreek wat daar kan wees, nl. om te sê- EK GLO...dan sê ek iets geweldig. Dit gaan daaroor dat ek sê- Dit is myne...! Die Vader is alleen my Vader omdat Hy die Vader van Jesus Christus is. So maklik, al te maklik gebruik ons die woord Vader, maar die werklikheid van die term Vader het 'n geweldig diepe betekenis. Dit gaan terug tot in die ewigheid maar terselfdertyd klim dit op tot in die hoogste hemele. Dit het alles met God te make, die wese van God. Hy die ewige Vader van Jesus Christus. Die Vader in verhouding tot sy Seun. *Dit is God uit God, lig uit lig*...die belydenis van Nicea praat dan nog verder van die Seun *as waaragtige God uit waaragtige God*. Die volle lewe van die Vader het Hy aan sy Seun meegedeel. Kolossense 1 praat van Hom dat Hy Christus

is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping, want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemel en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is...alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape... En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand...en dan kom dit net nog weer duideliker- in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik. Hebreërs 1:3 voeg by hierdie grootheid dit net nog verder toe- Hy wat die afskynsel is van sy heerlikheid en dei afdruksel van sy wese...

Hoe klein moet ons word as ons voor God se Vaderskap kom staan...dit wat dit alles insluit dat **Hy die ewige Vader van ons Here Jesus Christus is...**

Die betekenis dat God Christus se Vader is, dis ontsaglik wat dit beteken . Ons moet besef hoe klein ons is, wanneer dit om hierdie verhouding tussen die Vader en sy Seun handel. Soveel so dat God nie die wêreld nodig het nie. In Wie Hyself is, in wat Hy is in die verhouding tot sy eie Seun, daarin het Hy heeltemal genoeg. Daardie Goddelike huisgesin Vader en Seun maak dit duidelik dat Hy die Vader sy volle wese aan sy Seun meegedeel het, nie aan sy skepping nie. Die panteïsme is hiermee besig om te wil glo dat God sy goddelikheid aan sy skepping gegee het. Nee, Hy het dit alles aan sy Seun gegee. In daardie opsig is God 'n fontein van alles wat goed is, ook volgens Art.1 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis, maar Hy is 'n fontein in die eerste plek vir sy Seun.

Ek aanvaar dit is vir u baie duidelik dat ons nie maar oor God kan dink soos ons oor aardse vaders dink nie. Ons swak sondige menslike gedagtes word in Jesaja 45 daarop gewys met Wie het ons te doen. Die volk Israel sit hier magteloos in ballingskap. As die profeet 'n boodskap van verlossing wil bring dan wil hulle nie eers na hom luister nie. Wat sal dit tog help. Moet nie met ons praat nie. Hulle wat in hulle moedeloosheid hulle ore so wil toedruk...*Wee hom wat met sy Maker twis, wat, waar hy net 'n potskerf is, Gods weg met hom gewraak het, 'n Erdewerk, 'n nietigheid kan dit sy Maker ooit verwyf...*

Dit word dan in Jesaja 45 baie duidelik God is in staat om te verlos. Ons is eintlik maar klei in die hande van Hom oor Wie ons as mensekinders hier praat. Ons Vader kan met ons maak soos die klei in die hande van 'n Pottebakker. Daarom as dit gaan om wat glo

jy as jy in God die Vader die Almagtige glo, dan glo ons in Een op Wie ons kan vertrou. Jesaja 45:11 nooi die Here sy volk tot hierdie vertrou uit- *...vertrou my seuns en die werk van my hande aan My toe...*

God wil baie duidelik vir Israel in hulle ontsettende moedeloosheid troos. Jesaja 40 begin daarmee- *Troos, troos my volk, sê julle God...* In Jesaja 45 is God nog steeds met hierdie troos besig... Wat in hierdie troos voorop staan moet nie van God se Vaderskap klein dink nie. Jy wat klei is, 'n potskerf. God kan met niemand vergelyk word nie, ook nie in sy Vaderskap nie. Die Here maak dit in Jesaja al duideliker- Ek versorg jou sonder dat jy dit weet (5) en ook Ek skep die lig en die duisternis... v.6 *sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie...*

God wat die Vader van die ligte is, Hy is Self die Lig. Die eerste wat God op die aarde geskep het was lig... *En God het gesê laat daar lig wees! En daar was lig.* Hoor egter wat voeg die Here deur Paulus hieraan toe- 2 Kor.4:6- *Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn- dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus.* As ons in Jakobus 1 van God lees as Vader- Jak.1:17 – *Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie...*

Dit word dan nou ook al duideliker wat die Kategismus ook bedoel dat hierdie Vader van Jesus Christus, ter wille van Christus nog voor Hy my Vader is, ook die almagtige Vader van sy skepping is. Hoe groot dit ook al mag wees, hoe wyd, hoe vêr, hoe diep... Vir Abraham het God die sterreheem gewys... watter saak van onmoontlikheid om die sterre te tel. God is die Vader van elke ster. Ook toe Dawid die sterreheem moes aanskou – ons het daarvan gesing- *As ek o Heer, u nagtelike hemel daarbo aanskou, die tint en glansgewemel; hoe, deur U toeberei die skugter maan met stille gang oor sterrevelde gaan- wat is die mens dan dat U hom gedenk het...*

Weer terug by Jesaja dan is dit ook deel van die troos, soos wat ons troosboek ons troos ook deur God se Vaderskap oor die skepping. Jesaja sê- *Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape?* En dan praat die Here oor die sterre- *Hy laat hulle leërskaare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is, daar word nie een gemis nie.*

Hy mis nie een nie, Hy wat net EEN is, Hy die Vader van die ligte. Ons kan oor die grootheid van die heelal nie 'n begrip vorm nie. Soos 'n enkele stofdeeltjie wat in 'n groot stad soos New York rondhang, so klein is die aarde in vergelyking tot die heelal. Hoe groot is die heelal dan nie. Die aarde is werklik verskriklik klein in vergelyking met wat rondom die aarde aangaan. Sou ons op die naaste ster aan ons sonnestelsel klim- Alfa Centaurus en jy sou van daar na die aarde wil kyk, dan is die aarde te klein, jy sal dit nie kan sien nie. En hierdie naaste ster is eintlik maar vier ligjare van ons af weg. Hierdie naaste ster is een van 100 000 miljoen sterre, en dit net in die sonnestelsel waar die aarde van deel is. Die enkele son waar rondom die aarde elke dag wentel, sy buitenste oppervlak-temperatuur is 6000 grade Celcius, na skatting is sy sentrum 14 000 grade Celcius, as gevolg van atoomsplitting wat in die son aangaan het dit tot gevolg dat die son elke sekonde 4 miljoen ton ligter weeg. By die hoor hiervan broeder en suster, hoe vêr gaan dit werklik – ons wat gesing het- – *Sy oë speur oneindig vêr; Hy tel en roep die laaste ster; sy krag en kennis ongemeet, oorwelf al wat ons ken en weet.*

Dit oortref waarlik alle berekeninge.. alle vermoë van kunde en wetenskap. Hierdie Vader van die ligte wat hierdie massa wat elke sekonde 4 000 000 miljoen ton gewig wegbrand, hoe groot is die son dan nou werklik. Tog het die Here ter wille van 'n enkele kind van Hom, ons lees dit in Jos.10:11, die son laat stilstaan. Of dink aan daardie ure wat die son moes ophou brand, die son geweier het om vir drie ure lank tydens Jesus se kruisiging te skyn. God is die Vader van die ligte. Ons kan ons dit eintlik nie behoorlik indink wat sluit hierdie Vaderskap alles in nie.

Maar dit word nog groter...Eintlik laat Josua ons dit klaar raaksien. God wat die Vader van die son is, God wat die son ter wille van Josua in sy gang laat stilstaan het, God doen

dit ter wille van 'n enkele kind van Hom. Hy wat die Vader van Jesus Christus is, Hy wat die Almagtige Vader van die skepping is, Hy dieselfde almagtige Vader is die genadige Vader van sy gelowiges.

Hy wat in alles wat so groot is, Hy is die Skepper daarvan, tog wil Hy vir ons nietige mensies 'n Vader wees. En soos wat Hy om Christus ontwil Vader van sy skepping is, so is hy soveel te meer om Christus ontwil bereid om ons tot sy kinders aan te neem. Broeder en suster, as ons werklik eerlik wil wees moet ons erken dat ons eintlik nie woorde het om dit te verstaan nie, nog minder te beskryf. Kom ons maar net die Kategismus volg waar ons die woorde kan vind...**Hy het hemel en aarde met alles wat daarin is uit niks geskep. Hy onderhou en regeer dieselfde hemel en aarde nou nog deur sy ewige raad en voorsienigheid.**

En dan kom die Kategismus by waar pas die mens in as dit gaan om die verhouding tot hierdie Hemelse Vader. **My vertrou op God kan sonder twyfel wees, want God sal ons met alles wat liggaam en siel nodig het versorg...HY SAL DIT DOEN...**Hy sal nog meer doen...**Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik tot my beswil verander.** Hoekom? Daar is maar net één rede, want daar is net Één soos Hy...**omdat Hy dit as almagtige God kan doen en ook as getroue Vader wil doen.**

Broeder en suster, hierdie Sondag roep ons, ja dit dwing ons eintlik dat ons werklik van God baie meer sal dink as wat ons tot nou toe nog gedink het. As u van God groot dink, dit sal by ons almal net nog moet groter. Op die feit van sy Vaderskap is daar nie berekening te maak, of begrotings op te stel nie...ons kan nie want Hy versorg ons sonder om te begroot. Die grootste wat Hy kon gee, het Hy gegee, sy eie Seun! Nog steeds sal Hy met alles wat ons na liggaam en siel nodig het ons mee versorg.

Ons kan hier dink aan wat Martin Luther 'n keer met 'n boer gedoen het. Die boer was uiters verslae en baie pessimisties want sy hele boerdery het tot die grond toe afgebrand. Daar het niks oorgebly nie. Die toekoms was eenvoudig vir hom donker. Luther vra toe

vir hierdie boer- Ken jy die Twaalf Artikels? Ja sê hy en Luther vra om dit vir hom op te sê. En hy begin ...*Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde*... en hy wil nog verder maar Luther sê hard vir hom om te stop. En daar vra Luther hom... glo jy dit werklik dit wat jy sopas gesê het? En hy het JA geantwoord- en Luther sê vir hom- “Maar mens as die Almagtige jou Vader is, hoe kan jy nog vir een oomblik bang wees dat Hy nie vir jou sal sorg nie...

AMEN

Vrae uit Sondag 9

1. Wil God in enige opsig vir ons 'n Vader sonder Jesus Christus wees?
2. Wat beteken dit vir jou om te sê- EK GLO...?
3. Kan jy vanuit die Bybel meer sê rondom die verhouding van God die Vader tot sy Seun?
4. Kan ons op enige manier God ons hemelse Vader maar met ons aardse vaders vergelyk?
5. In watter opsig is ons soos klei in die hande van die Hemelse Vader?
6. Watter redes is daar in jou lewe wat maak dat jy op God kan vertrou?
7. Wat beteken dit vir jou dat God ook die Vader van die skepping is?
8. Het jy al 'n begrip kon vorm van die grootheid van die heelal? Motiveer iets van hierdie grootheid.
9. Waar pas jy in as dit gaan om ons verhouding tot ons Hemelse Vader?
10. Wat wil God as Vader alles vir jou doen?

God Die Vader En Ons Skepping Sondag 9 en 10

SONDAG 9



